

8 November 2020

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE



Joshua 24: 1-3, 14-25

ons storie ysbreker

Beantwoord een van die vrae oor jou week: Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar en wat was vir jou moeilik? Waar het jy God aan die werk gesien?

Behalwe om vir Jesus te volg, watter ander lewensveranderende keuse het jy al gemaak?

word stil

Lees Psalm 78: 1-7 as 'n gebed

Dink na oor wat jy in die verlede geleer het oor God en wat dit nou vir jou beteken.

GOD se storie wat sê die Bybel

Lees saam
Joshua 24: 1-3, 14-25

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

GOD se storie gesels hieroor na

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

Aan watter gebeure uit die verlede word die volk herinner? Hoekom moes hulle hieraan herinner word?

Waarom is Joshua se verklaring in vers 15 so merkwaardig en braaf? Waarom was dit nodig?

Hoe lyk 'n lewe wat die Here met oortuiging dien? Wat is die implikasies van hierdie keuse?

Waarom klink Joshua so skepties oor die volk se vermoë om God alleen te dien?

Wat verhoed ons om God met soveel oortuiging te dien? Wat staan in die pad/maak dit moeilik?

Wat leer ons by Joshua oor God? Wat beteken dit vir jou?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.
Verder en Voor:

Hoe kan julle mekaar help om die Here met oortuiging te dien? Maak 'n lys van praktiese maniere om mekaar te ondersteun.

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

Dank God daarvoor.

